Sien is nie ’n vereiste vir ’n ware geloof nie

Teks: Johannes 20: 26 - 31 & Sondag 7
Teksvers: Johannes 20: 29

1. Inleiding

Ons almal ken die gesegde sien is glo. Of miskien in die kunsmagtige wêreld waarin ons vandag leef, kan ons sê ervaar of beleef is glo. Maar die vraag wat ons vanoggend in hierdie leerdiens wil antwoord is: “Is dit ook met die geloof die geval”. En miskien verklap die tema van hierdie preek alreeds die antwoord. Tog beleef ons vandag die teendeel in geloofsgesprekke rondom ons. Want ons skuur skouers in die samelewing met met mense wat deel is van ander geloofsgemeenskappe.

En in baie van hierdie geloofsgemeenskappe sien ons ’n sterk klem op ervarings. Met ander woorde, iets word waarheid wanneer ek dit ervaar. En daarom hoor ons dikwels: jy moet na daardie kerk gaan of na daardie pastoor gaan luister, want toe hy gepraat het, het ek die Gees voel werk binne in my. Opsig self is dit nog nie die groot probleem nie. Ons bely immers ook in antwoord 21 van Sondag 7 vanoggend, dat die Heilige Gees geloof in die mens werk. Daarom bid ons ook voortdurend vir die werking van die Heilige Gees in die kerk. Maar dikwels skuif hierdie ervaring vinnig na dit wat uiterlik gebeur, dinge soos wonders of selfs net welsprekendheid van persone ens.

Hierdie selfde gesindheid leef ongelukkig dikwels ook nog in ons vandag. Die gevoel dat die kerk, darem haar sokkies moet optrek en my begin beïndruk voor ek sal glo. Natuurlik kan ons nie kerk losmaak van die Here nie, want dan is ons tog net vals. So daarom die self moeiliker vraag, verwag ek dieselfde van die Here. Skielik is Thomas wat ongelowig bly, selfs wanneer sy broers in die geloof hom bedien met die waarheid, nie so vreemd nie. Kom ons luister wat sê Christus self hieroor aan ons uit Johannes 20: 29.

2. Ervaring ’n bewys van waarheid

Thomas se ongeloof word eintlik in die vers wat ons skrifgedeelte vooraf gaan geopenbaar. Hy sê in vers 25: “As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie”. Dit is duidelik Thomas is opsoek na ’n ervaring, ja selfs meer as net om te sien met sy eie oë.

Maar mag ons die Here op hierdie manier op die proef stel? Ongelukkig is hierdie saak nie vreemd aan die Nuwe Testamen nie. Paulus sê aan die Korinthiërs, in 1 Korinthiërs 1: 22: “want die Jode vra ’n teken en die Grieke soek wysheid,” En Christus sê weer aan die boodskappers van Johannes die dopper die volgende: “17‘Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie!” in Matteus 11: 17. In beide gevalle is die eenvoudige verkondiging van die evangelie darem net te dun. Hierdie mense wil iets meer beleef, voor hulle glo.

In Sy groot genade gee Christus toe aan Thomas se versoek in ons teksgedeelte. Thomas word hierdie ervaring gegun om sy Christus se hande en sy fisiese te gaan ondersoek. Dit bring natuurlik vir Thomas tot geloof. Tog gebeur hierdie stukkie geskiedenis nie sonder ’n duidelike bepaling nie. Dit sal voortaan nie meer so gebeur nie.

In Gereformeerde teologie en dogma werk ons dikwels met streep of lyn teologie. Iets wat op ’n sekere manier gebeur, maar dan voortaan nie verder meer so gaan gebeur nie. En dit is presies wat hier in ons teksgedeelte ook gebeur. Christus trek die lyn, voortaan sal mense Gelukkig wees wat nie gesien het nie en tog glo. Die era van Christus sien en ervaar as mens hier op aarde is nou verby, hy gaan binnekort opvaar na die hemel.

3. Eie oë sien

Maar dan ken ons mos ook die mens. As ek dan nie kan ervaar en beleef nie, wil ek tog sien. En ek wil nie ’n opname of weergawe van iemand anders sien nie. Ek wil daar wees en met my eie oë lewendig sien wat gebeur. Want ons leef natuurlik in ’n tyd en era waarin digitale media maklik gemanipuleer kan word om ook iets te sê en openbaar, wat nie bedoel was van die begin af nie. Miskien is dit juis die rede waarom Christus nie eers in die moderne era na die aarde gekom het nie. Mense moet die sentrale rol speel in woordverkondiging en nie tegnologie nie.

Tog bly hierdie versoek om my eie oë te sien net so arrogant, soos die versoek om te beleef? Dit skep steeds die Godslasterlike

beeld van die Here wat eers moet bewys dat Hy vir my lief is en omgee voor ek sal glo. Ons kan nie help om aan Matteus 4:5-6 te dink waar die duiwel vir Christus neem na die tempel se dak, sodat Hy in ’n skouspel daarvan kan afspring sonder om iets oor te kom, en dan sommer baie mense kan laat sien dat Hy die Messias is. Maar Christus se antwoord is duidelik in vers 7 van daardie gedeelte: “Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie.”

Ons moet versigtig wees om hoogmoedig en arrogant teenoor die kerk en die woordbediening van die Here op te tree. Want ons kan maklik in die posisie kom waar ons eintlik uit ’n hoogte eers van God verwag om homself aan ons te bewys. ’n Posisie wat die Bybel beskryf as die Here op die proef stel. ’n Posisie waarin ons duidelik nie die Gelukkiges is nie. Waarin ons nie die is nie wat nie sien nie en tog glo.

4. Die Woord as waarheid

As geloof dan nie deur belewing en sien kom nie, hoe kom dit dan. Sondag 7 is duidelik hieroor, die Heilige Gees werk nie die geloof op grond van belewenisse en sigwaarde nie. Die Heilige Gees werk die geloof deur aanhoor van die Bybel. Die evangelie van die Here is wat mense tot geloof bring. Dit is wanneer die uitverkiesde gelowige die woorde van die evangelie hoor dat die Heilige Gees die waarheid in hom of haar werk.

Miskien klink dit vandag uiters vervelig om iemand bloot met die woorde uit ’n antieke boek te bedien. Miskien is dit selfs waarom erediens bywoning vandag ’n probleem is. Omdat ons nie hier besig is met ’n groot vertoning in die wêreld se sin van die woord nie. Hier is nie ’n verhoog, ligte, en ’n rook masjien nie. Hier is ook hele orkes wêreld gehalte musiekante nie. Nee, hier is wel ’n uitstekende orrelis, maar ’n sukkelende predikant wat die woord bedien vanoggend. Die evangelie weer opnuut wil bring vanoggend.

Want uiteindelik, wanneer die skouspel verby is. Ja wanneer die ligte afgaan en die rookmasjien afgesit word. Wanneer die wereldklas musikante ophou speel. Ja wanneer self die mees charismatiese leier klaar maak, is ons steeds voor die kruis van die Here. Daar waar Hy deur alle mense en selfs God die Vader self verlate hang. Maar daar waar Hy in die plek van al my sondes sterf.

Dit is die eenvoudige evangelie wat opgesom word in vraag 23 van Sondag 7, en wat reeds eeue lank deur die kerk van die Here in eenvoudige woorde verkondig word, sodat mense dit kan hoor en die Heilige Gees die geloof in hulle kan werk. En dit is wat u ook vanoggend kom beleef selfs in hierdie eenvoudige sukkelende kerkie.

5. Slot

Ons kan afsluit vanoggend deur terug te keur na die feit dat sien en belewing nie die vereiste vir geloof is nie. Dit is die harde les wat Thomas in ons teksgedeelte vanoggend moet leer. Ons kan nie die evangelie vat en indruk in ’n moderne wêreldse vormpie nie. Want uiteindelik sal dit nie sukses hê nie.

Mense word nie in geloof in geboelie deur welsprekendheid, tekens en wonders of selfs enige ander gawes waarop ons so maklik kan roem nie. Uiteindelik is die harde waarheid dat die Here ons niks verskuldig is nie. Wel eintelik moet ons net Sy toorn ontvang omdat ons se geneig is om eerder deur die sonde verlei en saamgesleep te word. Die Here hoef nie met die beste bemarkingspan na ons te kom nie.

Trouens die is ook glad nie wat gebeur nie. Ons Here Jesus Christus word beskryf as “ ’n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie ’n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Uit ’n wêreldse bemarkingsoogpunt gaan jy nie baie aanhanger kry, wanneer jou leier soos ’n veroordeelde misdadiger tereg gestel word nie.

Maar uiteindelik word die kerk die persone wat deur die werking van die heilige Gees besef, dat hulle die persone is wat deur daardie bloed vrygekoop is. Ja selfs al het ek dit nie met my eie oë gesien nie, of selfs beleef in daardie skare nie. Ek weet steeds dit is die waarheid, want dit is wat die Heilige Gees ook binne my getuig. Daarom kan ons vandag gereken word onder die gelukkiges.

Amen